Bar News

Natal

Contributed by Wendalynn Bowler, Durban

The KwaZulu Natal Bar is growing steadily. In July 2002 we had a total intake of 25 pupils, of whom 14 have passed the exams and started to practise. We wish them well in their work.

Social functions

The annual Bar dinner was held during November 2002. A good time was had by those who attended. We hope to see more members attending the Bar dinner in the future.

Soccer team

The soccer team is growing from strength to strength. We now have a ladies team as well. Good luck ladies and don't take too many of the attorney's teams out!!

Cycle tour

Peter Combrinck organised a cycle tour through the Kamanassie Mountains. The group cycled an average of 90 kilometres per day with Bruce Bedderson spending a bit of time in the kombi after the first day. The group cycled through the gruelling Swartberg Pass. They enjoyed the beautiful scenery and their trip. All cyclists (and non-cyclists) are encouraged to participate in future. Contact Peter Combrinck if you are interested.

Acting judges

The acting judges for the first quarter of 2003 were: Mkhize, Govindsamy, Kruger, Sardiwalla, Aboobaker SC and Van Zyl SC.

Noord-Kaap

Bygedra deur Japie Schreuder, Kimberley

Regbank

Gedurende die vierde kwartaal van 2002 het Percy Sonn en Nono Gozo waargeneem as regters in ons afdeling. Gedurende die eerste kwartaal van 2003 neem Williams en Olivier (van Kimberley) as regters waar. Regter JC van der Walt het aan die einde van Oktober 2002 afgetree.

Sosiaal

Al die lede van ons Balie het aan die einde van verlede jaar deelgeneem aan 'n kleiduifskietkompetisie. Ons was genoodsaak om van al die lede se dienste gebruik te maak aangesien elke span uit vyf lede bestaan het. Later was ons ook maar bly dat Bester ingewillig het om haar slag tussen die mans te wys. Volgens die beamptes het 'n dame lank laas so akkuraat geskiet. Ongeveer tien spanne het deelgeneem en ons span het die tweede plek gehaal.

Baliedinee

Op 29 November 2002 is ons jaarlikse Baliedinee gehou. Ons was bevoorreg om by hierdie geleentheid Willem van der Linde SC, voorsitter van die Algemene Balieraad, as gas teenwoordig te hê. Ons het aandagtig geluister na sy toespraak oor die rol van die Balie en die bydrae wat ons steeds kan lewer in veranderde omstandighede. Die teenwoordigheid van al ons afgetrede regters (wat steeds in Kimberley woon) asook huidige regters, het luister aan die geleentheid verleen.

Pro bono werk

Die lede van ons Balie is ten gunste van die oproep om meer pro bono werk te doen. Die aantal gevalle waar versoeke in hierdie verband ontvang word, is egter relatief min. Regshulpwerk bly steeds 'n kopseer. Weens die nie-betaling van rekeninge kan lede dit nie bekostig om op rondgang te gaan nie. Die feit dat reis- en verblyfkoste aangegaan moet word sonder dat daar 'n terugbetaling gemaak word, maak hierdie werk bykans onmoontlik. Lede van buite Kimberley (meestal Johannesburg en Pretoria) wat direkte en persoonlike skakeling met die Regshulpraad het, doen wel rondgang in ons afdeling – teen 'n groter uitgawe vir die Regshulpraad natuurlik! Die Regshulpraad is klaarblyklik tevrede dat hierdie stand van sake so voortgaan.

North West

Contributed by John Stander, Mafikeng

Annual dinner

In the previous issue of *Advocate* I reported on the retirement of our erstwhile judge president, M W (Mockie) Friedman. His farewell function was combined with our annual dinner in October 2002 at which the chairman of the GCB, Willem van der Linde SC, was the guest speaker. Willem provided a concise overview of the ideals of our profession, its history and its future, particularly regarding the necessity of an independent Bar and Bench. Willem's speech was well received by all who attended the dinner.

We wish him well in his new position.

Other news

Our office bearers for 2003 are: Henry Lever SC (chair), Cecile Zwiegelaar (vice-chair), and John Stander (honorary secretary).

Johann Pistor continues to act in our division and will return to practice in April.

Two pupils, Patrick Saun Naango and Matlhanola Peter Molatedi, have been accepted at our Bar.

Vrystaat

Bygedra deur Germa Wright, Bloemfontein

Sosiaal

Die Balie het gedurende November 'n formele dinee gehou. Onder die uitgenooide gaste was regters van die Hoogste Hof van Appèl en die plaaslike regbank, verteenwoordigers van die kantore van die Gesinsadvokaat en die Openbare Beskermer, en lede van die prokureursprofessie. Die funksie is te Ilanga Estates gehou. Met Corrie Ploos van Amstel SC in beheer, is gaste ingewag met sjerrie en die klanke van 'n strykkwartet. Xolani Mabusela het die voorreg gehad om die nuwelingstoespraak te lewer.

'n Deel van die aand se verrigtinge het ook gewentel rondom die uittrede van die president van die Hoogste